

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

DROOM JAGGELEENTHEID WENNERS IS AANGEKONDIG

Die kaartjieverkope van NG Heilbron Moedergemeente se fondsinsamelingsprojek het die 15de Julie gesluit en is die gelukkige wenners die volgende dag aangekondig. Dit was die kans van 'n leeftyd en drie pryse was op die spel. Daar is 'n totaal van 500 kaartjies verkoop.

Hier is die wenners van die Grootwild jagpakette:

Pakket 1: Buffelbuljag - Willem Jacobus de Jongh van Bethlehem.

Pakket 2: Gemsbok-, Blouwildebees- en 'n Zebrajag - Morné Landman van Johannesburg.

Pakket 3: Jag van vier Rooibokke - Pieter Baan van Heilbron.

Die Moederkerkers het elkeen gewoeker met die kaartjieverkope, maar Thea Potgieter en Hein Swart is die twee wat die meeste kaartjies verkoop het. Groot waardering word getoon vir die borge van die jagpakette en vir elkeen se ondersteuning ten bate van die projek. Veels geluk aan die wenners!



Op die foto vl: Abrie Watson, ds Braam van Zyl, Marisa van Rooyen, Petra Els en André Janse van Rensburg.

ALLES ONDER EEN DAK

GEREGISTREER BY DIE BURO VAN STANDAARDE

STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION

VERVAARDIGING EN HERSTEL

- Tenkwaens, Plaaswaens, Enkel- en Dubbelaswaens
- Agri Implemente
- Algemene sweis, herstelwerk en vervaardiging
- Vlekvrye staal sweiswerke
- Opmaak van volledige hidroliese sisteme
- Pasmaak van trok en trailer seile
- Alle tipe conveyors

ONDERDELE

- Bearings en Pulleys - Elektriese motors en ratkaste
- Trokonderdele
- Boute, wassers en moere
- Stainless pype en -koppelings
- Hidroliese motors, pompe, pype en -koppelings
- Batterie
- Skoonmaak middels - Degreaser, Autowash, Skottelgoedseep, Waspoeier & Sanitisers

STAINLESS & MILD STEEL

- TANKS & SILO'S
- MICRO-REFRIGERATORS
- CONVEYORS & AUGERS
- FOOD & BEVERAGE EQUIPMENT
- STAIRCASES & PLATFORMS

TANKERS & TRAILERS

- ACCIDENT REPAIRS
- SUSPENSION MAINTENANCE & REPAIRS
- BPW ACCREDITED WORKSHOP
- HYDRAULIC & PNEUMATIC SYSTEMS
- REGISTERED AS BUILDER & BODY BUILDER

SPARE PARTS

- REHYDROL BPW AXLE AND SUSPENSION
- HYDRAULIC PUMPS, MOTORS, PIPES AND FITTINGS
- BEARING MAIN ELECTRIC MOTORS, GEARBOXES & AGRICULTURAL SPARES

058 852 3491 | 082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za | www.ejsm.co.za



Thea Potgieter en Hein Swart.

BKB LOUW

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbjouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/07

Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!

WAPENWET MOET GESTOP WORD



Onluste wys waarom die wapenwet gestop moet word, sê Vrystaat Landbou. Daar word weereens 'n beroep op die publiek gedoen om kommentaar op die Wysigingswet op Vuurwapenbeheer te lewer. Die onlangse betogings en onluste in KwaZulu-Natal en Gauteng het weereens die klem op die reg tot selfverdediging geplaas. In hierdie opsig was dit in baie gevalle burgerlikes uit alle kulture wat telkens die laaste versperring tussen grootskaalse plundering en vernietiging in hul gemeenskappe was.

Dit is aanduidend van die belangrikheid van die publiek se vermoë om in selfverdediging te kan optree en in daardie opsig maak

die voorgestelde wysiging wat vuurwapenlensensivering vir selfverdediging doeleindes wil verwyder, hoegenaamd nie sin nie.

Daar is tyd tot 2 Augustus 2021 om skriftelike kommentaar in te dien. VL het 'n veldtogblad beskikbaar gestel vir submissions teen hierdie wet. Die submissions wat op hierdie blad gemaak word sal aan die parlement oorhandig word. Die webblad kan besoek word by <https://vrystaatlandbou.co.za/protect-your-right-to-self-defence/>

SOP VIR MANDELA-DAG



Op die foto: Heilbron Spar werknemers wat Sondag vir Mandela-dag gratis koppies sop voor die winkel uitgegee het.

SNERPEND KOUD



Die lewe in die afslaersbedryf is ook nie altyd net maanskyn en rose nie. Hierdie week se koue het kwik onder vriespunt laat daal. Die klassieke foto bo vertel die verhaal van ysige koue veilingskrale vroegoggend. Dit is geneem deur een van BKB Louwid se bemerkingsbeampies.

SÓ LYK HEILBRON SE GETALLE NOU

Die verlaging in getalle is bemoedigend

Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 22 Julie 2021 en dui aan Ngwathe het 4047 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron op 1070 staan en is daar 32 positiewe gevalle bygevoeg sedert 15 Julie 2021.

Dit is vandag dag 484 van die inperkingsperiode en die jongste getalle toon dat daar 2 327 472 bevestigde gevalle in Suid-Afrika reeds aangekondig is. Die dodetal staan tans op 68 192 en reeds 2 098 818 mense het van die virus herstel. Suid-Afrika is nou die land met die 17de meeste

Covid-19 gevalle in die wêreld.

Onthou registrasie vir vaksinerings teen Covid-19 is oop vir almal 35 jaar en ouer. Jy moet onthou as jy vooraf registreer gaan dit vinniger by die vaksineringslokale. As jy nie vooraf kan registreer nie sal jy wel by die inentingspersele gehelp word. Almal word gevra om egter eerder te probeer vooraf registreer en neem jou ID, mediese fondskaart as jy aan 'n mediese fonds behoort, en 'n lys van jou medikasie wat jy tans gebruik saam. Gaan na <https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/> om te registreer.



		1	3		2			
		3			7		4	5
		7						9
		6	5				7	
2								1
	9				1	4		
5						9		
6	1		2			8		
			9		8	5		

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

'N BIETJIE HOOP IS AL WAT ONS KORT

Farm Of The Future het 'n groot aantal ou munte aan die FAK se fondsinisamingsprojek geskenk. Hulle is geleë tussen Heilbron en Sasolburg en is 'n boerdery wat poog om gesonde plaasprodukte teen bekostigbare pryse aan die armste van arm mense te voorsien. Piet Lombard en Twin Mosia, woordvoerder van Farm Of The Future, het onlangs met hulle besoek saam met Michiel van Dam vanuit Amsterdam, Nederland by Charlotte Smalberger van die Vredesfortweg konsentrasiekamp en begraaftaas geleer van die simbolisme agter die Mossies wat op Suid-Afrikaanse muntstukke verskyn. Op die foto regs is die storie van die mossies soos dit by die Vredesfortweg in Koppies verskyn. Nadat Twin gehoor het van die FAK se invorderingsveldtog, het hy dadelik daarvan werk gemaak om sente bymekaar te skraap. In samewerking met Elandskop Museum, Rhino Heritage Park en Dihija Community Food Garden, almal in Petrus Steyn, het hulle 'n klomp sente bymekaar kon maak. Twin vertel aan Heilbron Herald dat Jan-Danie Malan van die FAK die sente bymekaar maak om dit met die boodskap van hoop aan verskillende organisasies en individue te oorhandig. Niekie van Rensburg, ook vanaf Farm Of The Future, voeg by dat hierdie projek baie belangrik is, veral in hierdie tye van onluste, siekte en waar hoop die meeste nodig is. Hulle is dankbaar om deel te kon hê in die FAK se projek om die land weer hoop te gee.



Op die foto vl: John-Lee Malan, Jan-Danie Malan (FAK), Twin Mosia (Woordvoerder van Farm of the Future), Niekie van Rensburg (Farm of the Future) en Piet Lombard.

Die Mossie

In die konsentrasiekamp, meer as 100 jaar gelede, sit Anette Marais op 'n stomp en skud die stof van haar verslete klere af.

Rondom har sit die groepie bekende gesigte van moeë vrouens. Net 'n paar tree verder is die hoë draad van die konsentrasiekamp. Sy slaan haar Bybel oop en begin lees. Sy het in die donker ure van die nag geworstel met God en Hom gesmeek vir 'n boodskap om hierdie vrouens te bemoedig, want wie weet hoe lank nog...

Anette lees die woorde van Matt 10:29 - "Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie, en tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie."

Terwyl sy besig is om hierdie woorde te lees, kom sit daar 'n vaal klein mossie op haar skouer.

Die groepie vrouens staar in verbasing na wat voor hulle gebeur, en so word die

mossie, die teken van hoop in die onmoontlike omstandighede van die konsentrasiekamp in Bethulie.

Dit was fantasties om in die maande wat volg te sien hoe die mossies van Bethulie 'n baken van geloof en hoop word vir hierdie vrouens.

Op 31 Mei 1902 was die oorlog verby, Anette het oppad terug na haar huis vertel van die mossie boodskap, sy het dit weer oortel en Generaal Jan Smuts het in 1923 die mossie op die land se kleinste muntstuk (die kwartpennie) laat verskyn.



WE WANT TO PROVIDE YOUR BUSINESS **Special** MORE VISIBILITY
ADVERTISING RATES
ONLY FOR THE 30 JULY 2021 ISSUE

Christmas SALE In July **50% OFF**

BOOK AND PAY BEFORE 10AM ON 28 JULY 2021 AND RECEIVE 50% DISCOUNT ON ALL ADVERTISEMENT FOR NEWSPAPER ON 30 JULY 2021

TERMS AND CONDITIONS APPLY
HERALDNUUS@HEILBRON.CO.ZA

POSTNET HEILBRON **NEW!**

SAME DAY COLLECTION AND DELIVERY BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE!

FOR ONLY R75

SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK

CONTACT US TO ARRANGE YOUR COLLECTION OR DELIVERY!

© 42 Els Street, Heilbron | heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

CANVAS Special gallery quality

Standard Canvas Prices

200x300mm (A4)	R135
300x400mm (A3)	R195
400x600mm (A2)	R295
600x800mm (A1)	R480

(Includes Block Frame) | All prices are excluding VAT | Until 31 July 2021

Custom size canvasses available on request

Bring your photos on a USB Flash Stick or E-mail it to us: heraldgraphics2@heilbron.co.za

Heilbron Herald 058 852 3033



WEEK NEGE-EN-TWINTIG VAN 2021

UIT DIE PEN

Ek maak nie ’n geheim daarvan dat ek nie baie aktief is op Facebook nie. Ek weet nie hoe werk Instagram nie en verstaan ook nie hoekom jy alles wat aangaan wil Tweet nie. Wat ek nog minder kan verstaan, is hoe mense kan geld maak uit laasgenoemde twee sosiale mediaplatforms. Hoe op aarde iemand ’n *influencer* kan word, is vir my te moeilik om te verstaan, en jy hoef my nie te verduidelik nie.

Dit, soos Bitcoin, maak nie vir my sin nie. Oor Bitcoin kan ek vir ewig my kop skud, want hoe kan jy geld betaal vir iets wat jy nooit gaan hê nie, nie kan wys nie, nie kan bank nie en ook nie onder jou katel kan bêre nie?

(Gepraat van katel: ek besit die oorspronklike ysterkatel waarop my gryse ou pa, wat oormore 88 jaar oud sou wees,

grootgekom het. Regtig antiek.)

Ek is so allergies vir sosiale media dat ek paranoïes raak as my selfoon vir my terugvoer vra nadat ek by ’n spesifieke plek was, wanneer dié se *location* aan is. Ek skakel somer dadelik daardie funksie af. Se maai dat almal kan sien waar ek is en dan nog, om alles te kroon, vir my vra om terugvoer te gee.

My gryse ou moeder het die ander dag agtergekom dat daar van haar selfoongeld verdwyn. So tussen R15 en R25 per dag. Ek gaan kyk toe (moes weliswaar tussen die duiwelsvurkheining die selfoon ontsmet voordat ek daarmee mog werk, want hulle is letterlik afgesonder in die ouetehuis. Om verstaanbare redes.)

Ek sien toe dat sy by Flirtnet aangesluit het. Hoe? Nee, ek weet ook nie. Dis nou weer een van daardie verskeie sms'e wat mens soms ontvang: *To opt out, send 1*. Of so iets. Ek vra haar hoe sy dit reggekry het? Ek gee glad nie om dat sy op haar rype ouderdom van amper 85 nog wil flirt nie, maar sy het nie ’n slimfoon nie. Met haar slegs-vir-bel-en-sms-foon sal sy met niemand kan flirt nie. Dink ek. Maar hulle vat haar geld, net vir ingeval.

Is nie sy nie, hou sy vol, sy het net op die sms gereageer en geskryf dat hulle haar nou moet uitlos.

Nou ja, daar het jy die rede. Ieder geval, dit is nou opgelos.

Sosiale media het die afgelope jaar meer prominensie in my lewe gekry, my eie afkeer ten spyt. Ons gaan kerk oor ’n virtuele platform, gesels met ander op WhatsApp se videofunksie, eet saam koek oor Zoom en klink ’n glasie op Google Meets.

Wat my laat wonder het oor ons

verskonings om bymekaar te kom. Soos om kerk toe te gaan.

Ek is op rekord dat ek vanaf die begin van die inperking meer in ons kerkgebou was as op Facebook. Want regtig, dit vat heeltemal te veel tyd om deur almal se *posts* te gaan. En iewers raak my aandagafleibaarheid te veel, en ek kry iets anders wat my meer interesseer. (Ek is nie regtig so oud soos wat ek klink nie, ingeval jy gewonder het.)

Ieder geval: die verskoning vir kerk toe gaan wat die meeste gebruik word, is “ons kry mense.” Nee, regtig. Jy kan ’n baba kry, of ’n nuwe hondjie of katjie, of selfs ’n nuwe kar. Maar om mense te “kry”, laat my altyd giggel.

En om dit as verskoning te gebruik wanneer jy nie kerk toe gaan nie, nog meer.

Of wat van: Ons kan nie kerk toe gaan nie, want ek is bang ek word siek. Goed, toegegee, in nou se dae is dit dalk moontlik. Maar as jy al die protokolle volg, is ek nogal daarvan oortuig dat jou kans baie beter is om by die inkopiesentrum of winkel siek te word as by die kerk. (Tans maak die inperking nie daarvoor voorsiening nie.)

Deesdae is die kerkbywoning so maklik, maar as jy na die aanlynbywoning se statistieke kyk, is dit verbysterend laag.

Nou het ek laasnag lê en wonder: hoekom is daar gewoonlik ’n verskoning wanneer jy nie kan kerk toe gaan nie? As iemand vra of jy gou wil saamgaan winkel toe, sou jy antwoord met ’n ja of ’n nee, maar wanneer dit by kerktyd kom, het jy ’n rits verklarende aantekeninge oor redes waarom jy nie kan gaan nie. (Wanneer ek van kerk toe gaan praat, sluit ek die virtuele platforms ook in).

Dink jy mense voel heimlik skuldig daaroor, en daarom die hele relaas van

hoekom hulle nie soontoe gaan nie? En as dit so is, hoekom? Want om kerk toe te gaan bring jou nie tot in die hemel nie. Ek dink dit maak dit net makliker.

Soos wat Paulus in Hebreërs 10:25 skryf: “...en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom...”

Ek mis regtig die kerkgebou en die mense. Ek mis die reuk van die matte en die manier hoedat die stoelkussing vou wanneer jy gaan sit. Ek mis dit om kliphard te sing en die klank van musiek wat deur die kerkgebou weergalm. Ek mis die pyporrel en die blink hout. Ek mis selfs die geestelike leier.

Ek mis dit dat iemand kom bevestig: “So spreek die Here” en ek mis dit ook om na afloop van die preek met die predikant derms uit te ruil oor wat hy (of sy) gesê het.

Hierdie ou virussie het vir my een ding glashelder kom leer: hoe onpersoonlik die lewe kan word. Ons sien nie meer mense se mondhoeke opkrul nie, nie meer hoe iemand lag nie. Ons sien nie meer mekaar nie. Wat nog te praat van liggaamlike kontak.

Maar genade, ons hou nog steeds aan om verskonings te maak vir hoekom ons nie kan kerk toe gaan (of daarna luister) nie.

Het ons dit nie dalk nou nodiger as ooit nie?

Wat van jy raak vandag ’n kerk-*influencer*? Sou ons dat nie minder haat en nyd rondom ons gesien het nie?

Ek wonder net.

PANEEL 14

Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



BLOUKRANS EN WENEN MOORD



Paneel 14.

■ Quarta Pretorius

Sowat tien dae na die moord op Piet Retief en sy manskappe het die Zoeloe-krygers van Dingaan die niksvermoedende en verspreide Voortrekkerigeselskappe by Bloukrans Wenen en in die omliggende omgewing daarvan in die nag aangeval. Bykans 500 mense aan Voortrekkerkant, insluitende dosyne bediendes, is in hierdie aanvalle gedood. Die spesifieke onderwerp van hierdie toneel is 'n aanval op vroue en kinders.

Hoewel geen spesifieke gruweldaad voorgestel word nie, is die boodskap van die paneel skokkend, naamlik dat Dingaan so gedetermineerd was om die Voortrekkers te weerstaan dat hy nie sou huiwer om hulle almal, man, vrou en kind te laat uitwis nie.

In Postma se oorspronklike ontwerp het die Zoeloe-kryger heel links 'n Voortrekkerbabatjie aan die voete geswaai met die doel om hom teen die wawiel te

verpletter. Die destydse Eerste Mininster, Jan Smuts en die Minister van Finansies, Jan Hoffmeyr, het beswaar gemaak teen hierdie krasse uitbeelding. Gevolglik het die Monumentekomitee Postma versoek om daardie greep uit te haal en te verander sodat die Zoeloe met 'n fakkel in die hand die wa aan die brand steek. Wat sy nie verander het nie is die dogtertjie wat met ontsteltenis die toneel bo haar aanskou.

Die model vir die vrou met die baba in die middel van die paneel, was die destydse mevrou Sannie Broers, hoofleidster van die Suid Afrikaanse Vrouefederasie.

Die paneelgreep wat Postma verwyder het, word in die Vrouemonument se historiese stoor bewaar. Ek was so gelukkig dat dit vir my gewys is. Ek was geskok en ongelukkig want waarom dat dit verwyder moes word, dit beeld dan die ware wrede gebeurtenis uit. Die hele aanval was dan kras!!!

Die beeldhouer was Laurika Postma

BRIEWE VAN ONS LESERS



Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil.

Ek wil net langs hierdie weg, vir die Tuinbouklub, baie dankie sê vir die kartondosie met heerlike koekies! Wat 'n verrassing! Vreeslik baie dankie vir al julle omgee. Dis dierbaar van julle, en dit word só baie waardeer.

Seënwense van Tannie Heléne Howell.

NS Ek glo ek praat namens almal wat dit kan geniet.

SKOOLTERMINE 2021

OPEN	SLUIT
26.7.2021 11.10.2021	01.10. 2021 15.12.2021

KENNISGEWINGS

NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the LATE HENDRIK JOHANNES ROSSOUW, IDENTITY NUMBER: 550426 5092 086, married out of Community residing at 12 Baumanstreet, district Frankfort, Province Free State, who died on 3 June 2021, Estate Number 5916/2021. All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication. Signed at Heilbron on this 23 July 2021. (GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC 40 CHURCH STREET P.O. BOX 205 HEILBRON, 9650 TEL.: 058 852 2035

FORM JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer No. T12004/1999 passed by JOHAN DAWID HERBST and MAGRIETHA CORNELIA HERBST in favour of RAHLAHANENG TUIS MOALOSE and LIKELELI MARTHA MOALOSE IN RESPECT OF CERTAIN ERF 242 KOPPIES, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT: 1339 (One Thousand Three Hundred and Thirty Nine) Square metres which has been lost or destroyed. All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at Heilbron this 20th day of July 2021. APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE ADDRESS: 40 KERK STREET, HEILBRON, 9650 E-MAIL: AKTESA@CORVEN.CO.ZA CONTACT NUMBER: 058 852 2035

WEERVOORSPELLING

Sa. 24/7	-4/13	Sonnig
So. 25/7	-3/15	Sonnig
Ma. 26/7	2/20	Sonnig
Di. 27/7	3/21	Sonnig
Wo. 28/7	3/22	Sonnig
Do. 29/7	3/19	Sonnig
Vr. 30/7	3/17	Sonnig
Sa. 31/7	3/18	Sonnig
So. 1/8	4/19	Sonnig
Ma. 2/8	3/18	Sonnig
Di. 3/8	4/17	Sonnig
Wo. 4/8	3/20	Sonnig
Do. 5/8	6/18	Sonnig
Vr. 6/8	5/19	Sonnig
Sa. 7/8	3/20	55% kans vir reën
Ma. 8/8	3/15	Sonnig
Di. 9/8	3/17	Sonnig
Wo. 10/8	4/18	Sonnig

2022 Dagboeke

Bestellings vir 2022 dagboeke kan nou geplaas word.

44 Els Street • Heilbron
Tel: 058 852 3033

JAARBEPLANNER

JULIE 2021

30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)

AUGUSTUS 2021

6, 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid

(Basaarverkopings)

28 Aug. - NG Kerk Suid
(Basaar / Saamkuier geleentheid)

SEPTEMBER 2021

3 Sept. - NG Moedergemeente Visete
(Wegneem)

23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)

OKTOBER 2021

1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)

29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)

NOVEMBER 2021

26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid -

(Gholfdag & Kersmark)

SKAPE TE KOOP

SA Vleismerino ooie. Dragtig en oop ooie, 11 maande wol.
3 x Vleismerino ramme.
Skakel my gerus
082 974 9593

K0749

BARBER LIE

Mans sny R70
Pensionaris R50
Skoliere R50

Maandag tot Vrydag 8-4nm
Saterdag 9-1nm

62 Langmarkstraat
Heilbron

082 859 0577

BARBER SHOP

Office National

WHAT IS POPI ACT?

The Protection of Personal Information Act applies conditions for the lawful processing of personal data of South Africans.

Which shredder to buy?

Choose Cut Shredder (P-3) or P-4 or a Micro Cut Shredder (P-15) and to be really safe, you can use a Super Micro Cut Shredder (P-16) or a Super Fine Micro Cut Shredder (P-16).

058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za

DIENSTE

Andries Muller

072 447 7446

Vrystraat 23,
Heilbron

Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS

ALGEMENE DRAAIWERK

MEGANIESE

HERSTELWERK

BAAL VAN SOJA- /MIELIERESTE

Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL- KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

BLOEDSKENK DATUMS

27 Julie
28 September
23 November

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
Silma Petzer.
Kantoorure
058 852 3033.

TE KOOP

VOER TE KOOP
Skakel
083 688 8256
K0746

Winkelure

**MAANDAE -
DONDERDAE**
07:30 - 17:00
VRYDAE:
07:30 - 16:30
SATERDAE:
08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

SMALLS EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

PLOEG SEMOER

Egite

LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwinningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.
Kontak Jackie Wessels
072 936 5925

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdag: 09:00 - 12:00

Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn

MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

MET BAIE GROOT HARTSEER

● Quarta Pretorius

Wees stil broer, hier gaan 'n man verby. Ja, hierdie man is Jan du Toit en aan sy sy is sy pragtige vrou Janet, asook hulle twee stil, maar baie dinamiese seuns André en Francois. Hierdie twee jong manne het daar bo uit hulle kantoor OK met 'n ysterhand bestuur. Ek loop al 'n baie lang pad saam met hierdie spesiale mense. Vyftig jaar gelede, toe ek getroud is en uit Pretoria by die Gereformeerde Kerk ingeskakel het, het Elna en Janet se pa, oom Jaap du Plessis, by my gekom, sy arm om my geslaan en gesê “Kindjie, welkom hier en ons sal baie mooi na jou kyk”. Ja, oom Jaap en tannie Elsie het gedoen wat hy belowe het en was gewaardeerde vriende. Jan, Janet, Francois, André en Jessica,

ons gaan julle ontsettend baie mis. Dis nie net ek wat 'n noue band met julle du Toit familie het nie, maar ook my kinders en julle personeel. Jan, vir my kinders was jy die pa nadat hulle hul pa so vroeg verloor het. Vir jou personeel was jy nie net die baas nie, maar ook 'n mentor en 'n vriend. Jan, ek het ook op die historiese gebied 'n baie lang pad met jou geloop. Jy was altyd bereid om te luister en my te help. Ons gaan julle ook in die kerk mis. André, waar gaan ek nou weer so 'n omgee-diaken kry. Ja, Jan en Janet, oor minder as 'n maand word julle oupa en ouma. Mag julle in die nuwe werkring baie gelukkig wees. Ek weet julle gaan julle stempel ook daar afdruk. Ek wens julle net die beste toe. Weet net julle is baie spesiaal. Ek salueer julle.



Op die foto bo André, Francois, Jan en Janet du Toit.

SPAAR MET KRAGVERBRUIK

Die Suid-Afrikaanse Weerdiens het gewaarsku dat verskeie kouefronte die land vandeeweek gaan tref en sal die koue toestande na verwagting gedurende die naweek ook voortduur. Eskom het 'n beroep op verbruikers gedoen om

kragverbruik te verminder en dat nasionale beurtkrag dalk weer ons voorland kan wees, omdat meer krag verbruik word in koue toestande. Die kragvoorsiener het op 13 Junie laas beurtkrag ingestel danksy verbetering aan die kragstelsels, maar die kouefront plaas druk op die stelsels. Eskom het by verbruikers gepleit om kragverbruik waar moontlik te beperk.



LISENSIE HERNUWINGS VERVAL BINNEKORT



Suid-Afrikaners word daaraan herinner dat die sperdatum vir lisensie hernuwings om die draai is vir diegene wie se bestuurslisensies, leerlinglisensies en tydelike lisensies tussen 26 Maart 2020 tot 31 Desember 2020 verval het. Persone wie se lisensies in die tyd verval het, het weens die COVID-19 inperking grasië ontvang. Die Departement van Vervoer sê die grasietydperk eindig egter 31 Augustus, en indien die bestuurslisensies nie betyds hernu word nie, sal 'n boete aan die bestuurder uitgereik word.

WEN 'N SPANBOU STEAK ETE

Staan 'n kans om 'n steak ete by De Vry Distillery vir 10 persone te WEN teen slegs R300 per kaartjie

Beperkte kaartjies beskikbaar

Alle fondse sal aangewend word vir behoeftige gesinne in Heilbron

KAARTJIE VERKOPE SLUIT 31 JULIE 2021 & WENNER WORD 6 AUGUSTUS AANGEKONDIG

Navrae: 082 940 3183
TERMES & VOORWAARDES GELD

Borg: De Vry Distillery

In Memoriam

Grief, I've learned, is really just love. It's all the love you want to give, but cannot. All that unspent love gathers up in the corners of your eyes, the lump in your throat, and in that hollow part of your chest. Grief is just love with no place to go.

Acts Ambassadors
† 22 Julie 2008

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure

Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30

Saterdag:
09:00 -12:00

**Elsstraat 42
HEILBRON**

Tel: 058 853 0006

Looking for people selling Guinea Fowls

Dr. Moshane
082 339 1776
082 960 9005

BEL & BESTEL

Aflewering in Heilbron vir slegs R20

Bestel enige produkte by Postnet Heilbron, Herald Office National of Heilbron Herald en laat dit by jou voerdeur afgelewer word vir R20! Gratis vir bestellings ter waarde van R250 of meer.

Aflewering sal geskied slegs in Heilbron een keer per dag vir bestellings geplaas voor 12:00, Maandag-Vrydag.

Bepalings en voorwaardes geld.

BLY VEILIG & BLY TUIS

IETS EIE AAN DIE VRYSTAAT NOU IN GAUTENG OM ONS KULTUURERFENIS TE BEWAAR

• *Uitgereik deur FAK*

Lede van die FAK se Kultuurnetwerke in die Vaaldriehoek en Vrystaat, Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (GGSA) en die Weermagvereniging (SAWV) het oor die naweek weereens hul

SKENK BLOED IN HEILBRON

SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk, Dinsdag 27 Julie 2021 by die NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 – 18:00. Help SANBS om 80 eenhede bloed in te samel wat honderde lewens kan red. Alle gereelde, potensieële skenkers en die jeug is uitgenooi om bloed te skenk. Elke bloed skenker sal 'n geskenk van waardering ontvang. SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker. Help SANBS om 'n bloedtekort te voorkom deur bloodskenking te ondersteun. Die behoefte aan bloed neem ongelukkig nie af nie, en pasiënte benodig steeds ongeveer 4 500 eenhede bloed per dag. Vir elke dag wat hierdie doelwit nie bereik word nie, word die beskikbare voorraad uitgeput. Om 'n bloodskenker te word moet jy tussen die ouderdom van 16-75 wees, meer as 50kg weeg, iets voor jou skenking eet, 'n veilige seksuele leefstyl lei en gesond wees op die dag van skenking. Alle bloedgroepe is baie belangrik vir ons, maar ons het spesifiek Groep O nodig omdat hierdie bloedgroep verenigbaar is met al die ander bloedgroepe en is dus baie spesiaal vir ons en diegene wat 'n dringende behoefte aan bloed het. Skenk bloed. Jou bloed red lewens.

moue opgerol om sandsteenhoekpale eie aan die Vrystaat by die Vredesmonument in Vereeniging in die vorm van 'n “kraal” te plant en doringdraad met populiersparre tussenin te span om dit te omheim. Verlede naweek het dié manne eers opmetings gaan doen en toe gate gegrawe om die eg Vrystaatse sandsteenhoekpale daar te kan plant. Die FAK het masjinerie gehuur om die groot werk te verrig en gesorg vir lafenis vir die manne se dorstige kele, die SAWV se Kiewiet-tak het wors gebring en gebraai vir lekker worsbroodjies en die GGSA het nog mannekrag gebring. Daar is weer lekker gebraai en gekuier toe die enorme taak voltooi is. Deon van der Watt, 'n boer in Tweeling in die Vrystaat en wie onlangs Covid-19 oorleef het, het die nege hoekpale, wat bestaan uit sandsteen, op sy plaas, aan die FAK geskenk om “te help bou aan die verfraaiing van ons erfenis”. Hy het nog drie sulke “pale” geskenk, wat eersdaags as sitbankies gebruik gaan word. Van der Watt vertel dié pale het 'n baie interessante storie. Dit is uit sandsteen-rotsklipbanke op sy plaas, Verkykerskop, uitgebreek. Vroeër jare is huise en kerke veral in die Oos-Vrystaat met hierdie sandsteen gebou. Dié klippe was vierkantig gekap uit die klipbanke. “Die afvalpunte is gebruik om pale te vorm, waarmee die oumense veral dié pale gebruik het as buitelyne op hulle plase in die Oos-Vrystaat. Hier op my plaas staan hier nog 'n lyndraad van oor die 3 km, wat elke 15 m só klippaal ingeplant het. Tussendeur die klippale is populier droppers gebruik. Die geheim van die populier dropper is dat niks hom vreet nie. Al die houtbalke van die ou huise van meer as 80 jaar oud in dié gebied, is van populierbome gemaak. Bloekombome wat algemeen in die Vrystaat voorkom, word maklik deur termiete gevreet, maar die populierboom glad nie.” Hy sê dit was die manier hoe drade met sparre van populierbome gespan is voor ysterpale die norm geword het. “Die spesifieke klippale is uitgehaal (op my plaas), waar ons lande groter gemaak het, want ek probeer om so ver moontlik die oorspronklike pale op die buitelyne van die plaas daar te hou vir die geskiedenis daarvan.”



Sandsteen-klippale eie aan die Vrystaat staan nou ferm in die vorm van 'n “kraal” by die Vredesmonument in Vereeniging.



Nic Theunissen, lid van die SAWV se Kiewiet-tak, draai doringdraad om 'n populierspar.

Jan-Danie Malan, projekorganiseerder van FAK-Kultuurnetwerke in die Vrystaat, sê: “Die samewerking van kultuurnetwerk-vrywilligers oor provinsiale grense heen in 'n tyd van nood herinner mens weer aan die tye in ons geskiedenis waar daar in groot nood saamgestaan is en selfdoen die hoeksteen van vooruitgang geword het. Baie dankie aan oom Deon wat die skenking gemaak het van die sandsteenhoekpale en sy seun wat leiding geneem het met die plant en span van die drade. Baie dankie ook aan elkeen wat weer hand bygesit het.”

Malan verduidelik dat die “kraal” as veilige hawe sal dien om kultuurskatte, waaronder granietreplikas van die Voortrekkermonument, genls. Christiaan de Wet en Koos de la Rey se standbeelde en ander in uit te stal. Dié skatte sal binnekort daar uitgestal word en sal agter slot en grendel toegesluit word. Die publiek kan dan per afspraak daarna kom kyk. Die FAK nooi gemeenskappe regoor Suid-Afrika uit om ook selfdoenaksies in werking te stel en te kom help om ons erfenis te bewaar en te verfraai.

Op reis na (n)êrens

OOM DANIE SKRYF...

DEEL 16

deur Albie Schoeman

Grendelstraat 416
Locktown
2021

16 Mei 2021

Liewe dominee Braam,



Net toe ons dink die virus het pad gevat, toe kom hy met mening terug. Tom by die slaghuis sê ons moet sien hulle gaan die kinders verbied om sports te hê. Kleindaan sê hy dog dis net die ANC wat deesdae sports het. Ek sê Daneman jy krap nou waar dit nie jeuk nie. Die tannie sê hulle sit nou met 'n aaklige malema. Ek sê, dilemma. Die tannie sê dit klink vir haar soos dieselfde ding. Ai Dominee, klein Daniekie het juis begin regkom met die rugby. Hy sê Meneer het hulle mooi geleer van onkant gaan en hande in die skrum. Hy sê Meneer sê die belangrikste is om die skeidsregter so lank moontlik te ontduik dat hy jou nie straf

nie. Ek sê en wat nog Boeta? Hy sê Meneer sê jy moet die steelkant tot jou voordeel gebruik. Hy sê Oupa moet sien, ek vat steelkant en step aside links en step aside regs en skors onder die pale! Ek sê eisch ou seun, Oupa is trots op jou. Die tannie sê sy weet nie veel van rugby nie, maar dit klink nie vir haar reg nie. Sy dink vandag se kinders sien te veel goed op hul selfone en verstaan te min. Verstaan Dominee?



Dominee Braam, die selfone is maar orals. Ou Pit by die hardeware sê die manne by Huis Moegeploeg het skelm 'n WhatsApp groep gestig. Verbeel jou, Dominee, op hulle ouderdom. Die tannies weet daarvan. Hulle praat van die Prostaatbrigade. Blykbaar omdat hulle snags meer aktief is as bedags. Die ooms Dominee. Nee, nie met die tannies, as Dooms verstaan wat Oom bedoel. Dooms, ek wil nie skinder nie, maar ek hoor daar word skurwe goed versprei. Dominee moenie sê jy hoor by my nie. Die tannie sê daai klomp gaan nooit ouer hul piepertuit kom nie. Ek sê, Mamma, los die kinders en die oumense. Dit het niks met ons te doen nie. Pit sê daar was gister 'n groot kabaal op die groep. Dominee Braam moet tog nie my naam noem nie. Hy sê ou Klaas Venter vertel op die groep, dat Nellie Visagie by die dokter was en 'n tweeling verwag. Op vier en tagtig, Dominee! Klaas sê hy het dit met sy eie ore gehoor toe die tannies by die tee geskinder het. Pit sê hy ken vir Klaas. Hy sal nie stories opmaak nie. Dooms, dit was eers teen die middag, nadat daar al 'n ooeivaarstee gereël is, dat hulle hoor ou Nellie was by haar dogter op Tweeling en sy verwag 'n pakkie van haar af. Dominee moet asseblief gaan help.

Matrone dreig glo om ou Klaas uit te sit as hy nie binne 48 uur in die openbaar verskoning vra nie. Klaas weier. Hy sê hy gaan hof toe. Dooms, ek vertrou nie die vrede nie. 'n Mens weet nie wat Matrone bedoel as sy van uitsit praat nie. Haar broer is nie verniet 'n veearts nie. Die saak is dringend, Dominee Braam. Pit sê hulle moenie vir Klaas onderskat nie. Hy is uitgeslape en het glo goeie vriende op Moegeploeg se bestuur. Die tannie sê moenie verbaas wees Matrone kry die trekpas en Klaas word baas. Ek sê Vrou, nou praat jy mos bollie. Skuus Dominee, as Dominee nie 'n dominee was nie, het ek sommer daai lelike woord met die “k” gebruik. As Dooms verstaan wat Oom bedoel. Wag my Doompie, kyk waar staan die tyd al. Oom kan nie heeldag staan en klets nie. As die tannie klaar is met die kombuis, wil ons nog dorp toe vir 'n paar bottels noodvoorraad. Mens moet maar altyd gereed wees, né Dominee. Groete vir Mevroutjie en pas julle mooi op. Jou liewe oom Danie. (Wou nog vra. Klein Daniekie wil weet of is daar 'n soogdier wat kan vlieg. Die tannie sê sy weet net van 'n lugwaardin. Weet Dominee dalk?) *Skets Erkenning: Mia Marais*

GREG TEM SY TUISBAAN

Arme Louis Oosthuizen wat vir drie dae voorgeloop het in die Britse Ope, moes Sondag die knie buig om weer in die top drie te eindig. Greg Galatis, wat 'n groot Louis aanhanger is, wen die plaaslike kompetisie met 41 punte en kon hy darem 'n karmenaadjie huis toe vat. Hy sê wel dat al die gholf kykery hom met sy swaai-probleme gehelp het.

Daar was 'n goeie opkoms met 'n klompie besoekers van Gauteng. Eben Stander en Gerrie Muller kom uit die blokke met hulle dubbel wedstryd teen Abrie Watson en Edward Muller, en wen gemaklik met 5 en 4.

Die uitslag van verlede week se kompetisie is soos volg: G Galatis 41, J Leonard 38, V Leeb 37, E Stander 36 en J Bruyns 36.

Die naweek sal hopelik die laaste een in die huidige vlak 4 inperking wees, die kamele staan al lankal by die klub se kroeg – hulle is baie dors. Môre is daar 'n Ysbeer-kompetisie, die speler met die minste klere wen 'n prys! Inskrywings is vanaf 10:30 vir afslaan 11:00.



Greg Galatis

HEILBRON Duiwenrus

Die wedvlugte vanaf Gariepdam was vinnig, 85 km per uur as gevolg van 'n wind skuins van agter sodat die duife nie vir mekaar kon wegvlieg nie. OJ's Hokke wen die jongduif wedvlug met minder as 'n sekonde voor die tweede duif. OJ's Hokke wen ook die ope wedvlug met drie sekondes. Dit is 'n bewys van die goeie kompetisie in die klub.



- Gariepdam JO**
1. OJ's Hokke
3. Kobus & Wilné
5. Zenith B
7. Zenith A
9. F Viviers
2. Zenith A
4. Crause & Seun
6. Crause & Seun
8. Zenith A
10. OJ's Hokke
- Gariepdam Ope**
1. OJ's Hokke
3. Zenith A
5. OJ's Hokke
7. F Viviers
9. Zenith B
2. Kobus & Wilné
4. Zenith A
6. F Viviers
8. F Viviers
10. F Viviers

JAARPROGRAM : 2021 RIEMLAND JAGTERSVERENIGING		
DATUM	BESONDERHEDE	TYD
14 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
4 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
2 OKTOBER	OPE PRYS SKIET	09:00
2 OKTOBER	TROFEE MEET	09:00
16 OKTOBER	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
6 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
21 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2022 MOET NOU BETAAL WORD	

GiG

Technologies (Pty) Ltd

Contact us for a free Quotation

Church street 44

Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

New!!

AJAX Wireless
Smart Home Security Systems

POSTNET HEILBRON

42 Els Street, Heilbron | heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 054 988 6078

OVERNIGHT COURIER

TO ALL MAIN CENTRES

Terms & Conditions Apply

Copy, print | Digital | Courier | Stationery | Mailboxes

BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

MAANDAG - 26 JULIE 2021

ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

DINSDAG - 27 JULIE 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 28 JULIE 2021

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

VREDE : DEALE BOVELDERS
70 Bulle & 240 koele
11:00, Madeira, Vrede
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

DONDERDAG - 29 JULIE 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

BETHLEHEM : JANMARCK BEEFMASTERS
270 Beeste
11:00, Stirling, Bethlehem
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

VRYDAG - 30 JULIE 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 078 154 5049

DUNDEE - TRI-BUL SALE
90 Bulle & 18 verse
11:00, Dundee veilingkrale
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

www.bkb.co.za

BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
t: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 231
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

the local choice

Pharmacy & Clinic

PLATTELAND

R134⁹⁵

R169⁹⁵

R165⁹⁵

063 721 4950 | 087 527 0723

platteland@thelocalchoice.co.za

57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron